

DIE SKIETLOOD



1

SKIETLOOD: 84e Uitgawe 8 April 2016 saam met Koersvas 84

Jesus Christus, sy eniggebore Seun

Daar is reeds aangedui dat die eerste artikel in die geloofsbelydenis stel dat ons glo in die enige God. Daarna is daar gehandel oor die Eerste Persoon van die Triniteit, daar is aandag geskenk aan Vader Almagtig, en daarna aan die belydenis dat hierdie Vader die Skepper is van alles. Daarmee is die belydenis oor die Eerste Persoon van die Triniteit afgehandel.

Nou gaan die belydenis oor en bely ten opsigte van die volgende persoon in die Triniteit. Soos in die geval van die Vader, sal ons sien dat daar ook sekere sake bely word alvorens die Derde Persoon, die Heilige Gees, bely word.

Die Apostoliese belydenis oor die Tweede Persoon stel (sonder die begin "ek\ons glo"): "en in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here". Die Niceense belydenis stel: "en in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore: Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het."

Beide hierdie geloofsbelydenisse formuleer sekere aspekte van ons geloofskern, elk op 'n eie manier. Daar is verskeie sake wat spesiale aandag verdien: Een Here; Jesus Christus; eniggebore Seun van die Vader; ware God. Kom ons kyk opeenvolgend na die sake.

Een Here; Die verwysing na die Tweede Persoon as "Here" bring ons by die kern van dit wat die eerste gelowiges bely het: Jesus is Here (*Kύριος*). Na die opstanding en verskyning van Jesus aan Sy dissipels was hulle wêreld reeds ingrypend verander. Na die hemelvaart het hierdie nuwe verstaan van die volle openbaring van God die gelowiges by die punt gebring om sonder vrees te stel dat Jesus die Here is. Die term, "Here", beteken in hierdie konteks niks minder as dat hulle geglo het dat Hy God is nie. Hy is nie 'n heer tussen ander here nie, Hy is nie die here op die bopunt van 'n piramide van here nie. Hy is die Een Heer, en dit verwys na die monoteïstiese God (JHWH). In Christus ontmoet ons God.

Dit was hierdie belydenis dat Jesus die Here is, wat gemaak het dat Christene verguis is deur die Jode, vervolgd is deur owerhede (wat keiseraanbidding as magsinstrument gesien het). Die term, Here, verwys na die Tweede Persoon van die Triniteit as ware God. Van die Seun (Tweede Persoon) weet ons meer omdat God se openbaring in Hom 'n toespitsing is. Inteendeel, ons ken God eers waarlik en volledig (ten opsigte van alles wat ons nodig het vir ons saligheid) in Christus. Die kern van ons belydenis beteken dat ons denke oor Vader en Gees vanuit ons denke oor die Seun vloei. Hierdie Seun het vir ons mens geword, vir ons saligheid deurbreek in die geskiedenis in.



Ons bely geloof in 'n aanduibare historiese persoon! Dit maak die openbaring uniek, raaiselagtig en 'n geheimenis wat net as openbaring gesien kan word deur oë van geloof.

Jesus Christus; Beide geloofs-belydenisse verwys na Jesus die Gesalfde. In die naam vind ons 'n opsomming van die Evangelie. "Jesus" beskryf die ware mens; Jesus moet ware mens wees om ons sonde te kon dra. "Christus" verwys na die ware God, omdat Christus ware God moet wees om ons sonde te kon wegdra. Alvorens daar oor die inkarnasie gepraat kan word, is dit net eers nodig om die pre-eksistensie te bely. Jesus se pre-eksistensie verwys na die feit dat die Tweede Persoon van die Triniteit reeds voor die inkarnasie die Tweede Persoon was. Dit impliseer ook dat die ewige Seun die Seun sou wees, selfs al sou die skepping nie plaasgevind het nie.

Photinus was 'n teoloog wat 'n dwaalleer verkondig het, en hy sou deur die eeue baie volgelinge hê. Hy het geglo dat Jesus nie die Seun van God is nie, maar dat Hy bloot 'n goeie mens was wat deur sy goeie morele voorbeeld verdien het om seun van God genoem te word by wyse van God wat hom as seun aangeneem het. Dit impliseer dat die Seun geen lewe gehad het voor die geboorte te Betlehem nie. Hierdie dwaling – Adopsianisme - ontken dat Jesus van nature die ware Seun van God is en beweer dat die Seun in die verloop van tyd begin bestaan het. Ons bely dat Hy die ware Seun van God is en dat Hy van alle ewigheid af dit reeds was.

Sabellius, nog 'n ketter, het geglo dat dit eintlik die Vader was wat in ander vorm geïnkarnear was en so is die Vader en Seun dieselfde wese. Hierdie benadering moet dan ook staan by *patripassianisme* (pater passus est) – die Vader het aan die kruis gely. Hierdie kettery word ook modalisme genoem en ontken die Triniteitsleer.

Teen Arius se dwaling; Soos reeds aangedui, was die groot stryd van die kerk in die vierde eeu die stryd teen die dwaling van Arius.

Arius is gebore iewers in Libië in die jare 250 – 256nC en hy het gesterf in Konstantinopel in die jaar 336nC. Hy het sy opleiding ontvang by Lucianus die ouderling in Antiochië en hy het ouderling geword van Alexandrië. Sy verstaan van Jesus Christus het aanleiding gegee tot die Ariese kontrovers (ongeveer in 318nC) en dit sou die Konsilie te Nicea wees wat sy lering as dwaling uitwys.

Arius¹ het die Seun gesien as 'n skepsel, verhewe bo die mens, maar nie van dieselfde substansie as die Vader nie. Hy het voor die skepping bestaan, maar is nie ware God nie.; Arius was oortuig dat Jesus nie "eenswesens/wesensgelyk" met die Vader is nie. Hy het die kanon ook verskraal tot 10 boeke. Sy idees het deur die eeue hardnekkig bly voortleef en dit is veral die historiese kritiese benadering wat Arius se kettery aanhang. 'n Boek soos *Fatherless in Galilee* is gebou op denke van Sabellius en/of Arius.

¹ <http://www.tlogical.net/bioarius.htm> vir meer inligting oor die inhoud van Arius se kettery.

Opvallend is die *anathema* (vervloeking) wat aanvanklik deel was van die Niceense belydenis: “Hulle wat beweer dat daar ’n tyd was toe die Seun nie was nie (nie bestaan het nie), hulle wat beweer Hy is uit niks gemaak of ’n ander substansie of ding, of beweer dat die Seun van God is geskep of veranderbaar of veranderlik, hulle word vervloek deur die heilige algemene kerk”.

eniggebore Seun van die Vader;

Matteus 3:17 En daar kom ’n stem uit die hemele wat sê: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het. Matteus 17:5 Terwyl hy nog spreek, oordek ’n helderligte wolk hulle meteens en daar sê ’n stem uit die wolk: Dit is my geliefde Seun in wie Ek ’n welbehae het. Luister na Hom! Hierdie waarheid word herhaal in Markus 1:11, Markus 9:7, Lukas 3:22 en Lukas 9:35 Daar is reeds verwys na die inkarnasie. Hierdie frase in die belydenis moet nie in die eerste instansie verstaan word as verwysend na die gebeure te Betlehem nie. Gelei deur die Gees bely ons dat die Tweede Persoon van die Triniteit die Seun is wat as enigste Seun van die Vader in verhouding met die Vader God is. Dit is van groot belang om die Nicea formulering in ag te neem: “voor al die eeue uit die Vader gebore: *Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het*”.

voor al die eeue uit die Vader gebore:

in hierdie woorde vind ons ’n poging om die verhouding tussen die Eerste Persoon (Vader) en die Tweede Persoon (Seun) onder woorde te bring. Dit is opvallend dat daar reeds in die vierde eeu so ’n duidelike begrip van tyd kon

wees; ‘voor al die eeue’ is aanduiding daarvan dat die Konsilie geglo het dat God tyd geskep het en dat God se bestaan buite tyd ’n werklikheid is. Die interne van die Triniteit het ’n bestaan buite tyd.

Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God

Die wese van die Triniteit kan bloot bely word, dit is ons as skepsels nie beskore om dit met groot omhaal van woorde te beskryf nie, God is soveel groter as ons denke. Hierdie woorde is wel daar om te verseker dat daar nie twyfel is oor die wese van die Seun nie. Arius se dwaling word totaal verwerp. Jesus is ware God en enige persoon wat anders glo, redeneer of teologiseer, is ’n ketter.

gebore, nie gemaak nie Ons glo in Christus as die eniggebore Seun van die Vader, ware Seun wat nog altyd saam met die Vader bestaan. Daar is een persoon wat die Vader is, een persoon wat die Seun is en beide dieselfde goddelike aard (Aldus Thomas Aquinas). Die Griekse teks tref baie duidelik die onderskeid tussen gebore (*γεννηθέντα* – Griekse woord wat figuurlik verwys na ontstaan sonder geboorte) en “gemaak /geskep” (*ποιηθέντα*- *skep*). Die taalgebruik van die Konsilie steun hier sterk op die Johannes evangelie.

een in wese met die Vader Die wese van die Vader en die Seun is dieselfde wese. God is ’n Drie-Eenheid en nie drie gode nie. *Homoousios* in die Grieks vertaal na ‘van dieselfde substansie, substansiegelyk, wesensgelyk’.

deur wie alles tot stand gekom het”

Hierdie is ’n belangrike sin wat in die

Niceense belydenis voorkom. Dit dui duidelik daarop dat die optrede van die Drie-Eenheid EEN is. Vader, Seun en Gees is betrokke by die skepping en alles daarna. Die harmonie van die Triniteit sal met die belydenis oor die Heilige Gees onderstreep word. Intussen moet ons net kennis neem dat die Seun betrokke was by die skepping. Die logiese beredeneringslyn is die volgende: In die begin het God die hemel en die aarde geskep.

God het gesê: Genesis 1

In die begin was die Woord by God en die Woord was self God. Johannes 1

“Gesê” beteken om woorde te gebruik. God het deur die Woord geskep.

Jesus is die Woord.

Die eerste saak wat na vore kom in ons belydenis oor Jesus Christus, is Sy goddelike natuur. Die volgende geloofsartikels sal histories opeenvolgend oor Sy menslike natuur handel. Tog is die twee nature 'n eenheid.

Apostolicum: *“Filius Eius unicus, Dominus nostrum”*

Nicea: *et in unum Dominum Jesum Christum, Filium Dei unicum, de Patre natum ante omnia saecula; Deum verum de Deo vero; natum, non factum; ejusdemque substantiae qua Pater est; per quem omnia facta sunt;*

Die Griekse teks lui: *“καὶ εἷς ἓνα Κύριον Ἰησοῦν Χριστὸν τὸν υἱὸν τοῦ Θεοῦ τὸν Μονογενῆ, τὸν ἐκ τοῦ Πατρὸς γεννηθέντα πρὸ πάντων τῶν αἰώνων, Φῶς ἐκ Φωτός, Θεὸν ἀληθινὸν ἐκ Θεοῦ ἀληθινοῦ, γεννηθέντα οὐ ποιηθέντα,*

ὁμοούσιον τῷ Πατρὶ, δι' οὗ τὰ πάντα ἐγένετο”

Apostolicum

Credo in Deum Patrem omnipotentem, Creatorem caeli et terrae,

Filius Eius unicus, Dominus nostrum,

1. qui conceptus est de Spiritu Sancto, natus ex Maria Virgine,

Nicea

Credimus in unum Deum, Patrem omnipotentem, factorem coeli et terrae, visibilium omnium et invisibilium, **et in unum Dominum Jesum Christum, Filium Dei unicum, de Patre natum ante omnia saecula; Deum verum de Deo vero; natum, non factum; ejusdemque substantiae qua Pater est; per quem omnia facta sunt;**